



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Regional Locality** | **R545 Road Relocation** | **SO403** | Coordinate System DMS<br>Spheroid Hartebeeshoek 94 / Central Meridian WG29 |

## OMGEWINGSREGSPROSESSE

Die voorgestelde vervanging van 'n gedeelte van die R545 vereis 'n omgewingsimpakbepaling (OIB) en omgewingsmagtiging, asook 'n aansoek vir 'n watergebruiklisensie (AWGL) voor die projek kan begin. Die prosesse sal gelyktydig geskied as 'n geïntegreerde proses wat deur 'n gekombineerde proses van openbare deelname aangevul word.

## NEMA- EN OIB-REGULASIES

Hierdie projek vereis 'n OIB ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (No 107 van 1998) (NEMA) en die nuwe OIB-regulasies (Goewermentskennisgewings R. 543 tot 546, wat op 18 Junie 2010 gepubliseer is). Mpumalanga se Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewing en Toerisme (MDEOOT) is die bevoegde owerheid vir hierdie OIB.

Aktiwiteite wat in GK R. 544, 545 en 546 gelys word, is op die voorgestelde vervanging van 'n gedeelte van die R545 van toepassing, en gevolglik sal 'n volledige omvangbepaling en omgewingsimpakbepaling gedoen word. Die volgende gelyste aktiwiteite maak deel van die aansoek uit:

**Vir Roete-opsie 1:**

- Aktiwiteite 5 en 18 van GK R. 545 Lyskennisgewing 2: Aktiwiteite wat 'n omgewingsmagtiging vereis behoudens 'n omvangbepaling en omgewingsimpakbepaling.
- Aktiwiteite 11, 13, 18, 22 en 26 van GK R. 544 Lyskennisgewing 1: Aktiwiteite wat 'n omgewingsmagtiging vereis behoudens 'n basiese bepaling.
- Aktiwiteite 4, 16 en 19 van GK R. 546 Lyskennisgewing 3: Aktiwiteite in sensitiewe gebiede wat 'n omgewingsmagtiging vereis behoudens 'n basiese bepaling. *Let daarop dat Lyskennisgewing 3 melding maak van "kritieke biodiversiteit-gebiede soos geïdentifiseer deur 'n owerheid of in bioregionale planne". Die formalisering van hierdie stelselmatige biodiversiteit-planne in Mpumalanga is hangend, en gevolglik is hierdie aktiwiteite bloot volledigheidshalwe en in afwagting van die aanvaarding van die toepaslike planne by die aansoek ingesluit.*

**Vir Roete-opsies 2a, 2b en 2c:**

- Aktiwiteite 28, 39, 40 en 47 van GK R. 544 Lyskennisgewing 1: Aktiwiteite wat 'n omgewingsmagtiging vereis behoudens 'n basiese bepaling.
- Aktiwiteit 16 van GK R. 546 Lyskennisgewing 3: Aktiwiteite in sensitiewe gebiede wat 'n omgewingsmagtiging vereis behoudens 'n basiese bepaling. *Let daarop dat Lyskennisgewing 3 melding maak van "kritieke biodiversiteitgebiede soos geïdentifiseer deur 'n owerheid of in bioregionale planne". Die formalisering van hierdie stelselmatige biodiversiteitplanne in Mpumalanga is hangend.*

## OIB VIR NEW LARGO-STEENKOOLMYN

Die OIB vir die New Largo-steenkoolmyn is tans aan die gang as 'n afsonderlike aansoek. Anglo American Inyosi Coal is die aansoeker vir hierdie OIB, en die bevoegde owerheid is die MDEOOT.

## WATERGEBRUIKLISENSIE

Die voorgestelde alternatiewe roetes kruis riviere en dreineerlyne wat met vleilande verband hou en sal dus 'n aansoek vir 'n watergebruiklisensie (AWGL) vereis ingevolge Artikel 21 van die Nasionale Waterwet (No 36 van 1998). Die AWGL sal aan die Departement van Waterwese (DWW) voorgelê word en sal vir die volgende wees:

- Artikel 21(c): die belemmering of die wegkeer van die vloei van water in 'n waterloop; en
- Artikel 21(i): die verandering van die bedding, walle, loop of kenmerke van 'n waterloop.

## BENADERING TOT DIE OIB EN AWGL

Openbare deelname aan die OIB-proses en die aansoek vir 'n watergebruiklisensie sal Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) in staat stel om die gang van die ondersoek te beïnvloed en om die bevindings van die onafhanklike studies wat gedoen word, na te gaan. Die omgewingsbepalingspraktisyns sal in verskeie stadiums tydens die OIB regstreeks met B&GP's skakel om hulle op hoogte te hou van vordering met die studie en die tyd van geleenthede om betrokke te raak. 'n OIB word in fases gedoen, soos hieronder geskets.

### Omvangbepalingsfase: Junie tot Des 2011

Die eerste fase is die Omvangbepalingsfase, wat gedoen word om 'n begrip van die potensiële omgewingskwessies rakende die projek te kry en om te bepaal of verdere inligting nodig is in die vorm van studies/ondersoeke deur spesialiste. 'n Omvangsverslag en studieplan vir die OIB word aan die MDEOOT voorgelê vir bestudering en goedkeuring van die voorgestelde benadering tot die gedetailleerde ondersoeke wat in die volgende fase nodig is.

Aktiwiteite in die omvangsfase sluit die volgende in:

- Kennisgewings aan grondeienaars en mense in beheer van geaffekteerde eiendomme (regstreekse briewe).
- Oorlegpleging met tersaaklike owerhede om ooreen te kom oor proses- en studievereistes.
- Voorlegging van aansoekvorm aan die MDEOOT.
- Kennisgewing aan B&GP's in die projekgebied (regstreekse briewe), advertensies in geselekteerde plaaslike en streekkoerante en kennisgewings op die terrein).
- Verspreiding van die agtergrondinligtingsdokument en 'n uitnodiging om tot die OIB-proses by te dra.
- Aansoek vir gedeeltelike vrystelling van sekere bepalings van die OIB-regulasies. (Sekere basislyn-spesialisstudies is reeds gedoen en sal as deel van die OIB gebruik word, wat 'n aansoek vir gedeeltelike vrystelling vereis.)
- Samestelling van 'n konsep-omvangsverslag.
- Nagaan van konsep-omvangsverslag en vergaderings met belanghebbendes om kommentaar op die konsep-omvangsverslag te kry.
- Samestelling van 'n finale omvangsverslag.
- Nagaan van finale omvangsverslag.
- Voorlegging van 'n finale omvangsverslag, bevattende alle kwessies wat in die impakbepaling ondersoek moet word.

### Bepalingsfase: Jan tot Nov 2012

Die tweede fase van die OIB is 'n volledige impakbepalingsfase, wat die volgende sal insluit:

- Spesialisstudies wat fokus op uitkomste van die omvangsfase en kwessies wat deur belanghebbendes geopper is.
- Samestelling van 'n konsep-OIB-verslag met 'n aanduiding van die belangrikheid van positiewe en negatiewe impakte en maatreëls om positiewe impakte te vergroot en negatiewe impakte te verminder of te vermy.
- Samestelling van 'n konsep-omgewingsbestuursprogram (OBProg) wat by die Konsep-OIB-verslag aangeheg word.
- Samestelling van konsepaansoek vir watergebruiklisensie (AWGL).
- Nagaan van konsepverslae en vergaderings met belanghebbendes om kommentaar op die konsepverslae te kry.
- Vergadering met belanghebbendes in die projekgebied om die OIB-bevindings voor te hou vir kommentaar deur belanghebbendes.
- Samestelling van finale OIB-verslag en AWGL.
- Nagaan van finale verslae.
- Voorlegging van die finale OIB-verslag aan die MDEOOT.
- Voorlegging van finale AWGL aan die DWW.

### OIB-besluitneem- en appèlfase: van Nov 2012

Sodra omgewingsmagtiging deur die owerhede verleen is – hetsy 'n positiewe of 'n negatiewe besluit – sal belanghebbendes binne 12 dae na die verlening van die omgewingsmagtiging ingelig word van die besluit en van die geleentheid om appèl teen die besluit aan te teken.

Appèlle moet voorgelê word binne 30 dae na die datum van uitreiking van die omgewingsbesluit. Die aansoeker het ook die reg om te appelleer indien die owerhede nie magtiging verleen dat die projek kan voortgaan nie.

# Omgewingsimpakbepaling en Watergebruiklisensie vir die voorgestelde vervanging van 'n gedeelte van die R545 provinsiale pad tussen die N4 en die N12

Synergistics Environmental Services

**AGTERGRONDINLIGTINGSDOKUMENT**

**JULIE 2011**

ZITHOLELE CONSULTING

### Doel van hierdie dokument

Hierdie dokument verskaf agtergrondinligting oor die voorgestelde projek, die omgewing, geaffekteerde eiendomme en besonderhede van die vereiste omgewingsprosesse.

Die doel van die dokument is om mense te help om:

- Te bepaal of hulle 'n belang by die projek het en of hulle potensieël geraak kan word;
- Aanvanklike kommentaar op en bydraes tot die voorgestelde projek te lewer; en
- As belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP's) te registreer ten einde op hoogte gehou te word van toekomstige geleenthede om deel te neem.

U moet as 'n B&GP registreer om verdere dokumente te ontvang en na vergaderings oor hierdie projek genooi te word. Kommentaar kan te eniger tyd gedurende die Omgewingsimpakbepalingsproses gelewer word, en kommentaar wat voor 31 Augustus 2011 ontvang word, sal in die Finale Omvangsverslag opgeneem word.

U word aangemoedig om kommentaar voor te lê ten einde te verseker dat u kwessies en kwellings gepas oorweeg en hanteer word. Vul asseblief die bygaande antwoordblad in en stuur dit terug, skryf 'n brief, stuur 'n faks of e-pos of skakel die Kantoor vir Openbare Deelname.


**Kantoor vir Openbare Deelname**
Anelle Lötter en
Patiswa Mnqokoyi
R545 Openbare Deelname
Posbus 6002, Halfway House,1685
Tel: 011 207 2076 / 2074
Faks: 086 676 9950
E-pos: alotter@zitholele.co.za of patiswam@zitholele.co.za

**Omgewingsbepalingspraktisyns**
Mari Wolmarans en
Vivienne Vorster
R544-OIB
Posbus 1822, Rivonia, 2128
Tel: 011 807 8225
Faks: 086 562 0165
E-pos: mari@synergistics.co.za of vivienne@synergistics.co.za


## AGTERGROND

'n Gedeelte van die R545 provinsiale teerpad tussen Kendal en Balmoral, wat 'n noord-suid-skakel tussen die N4- en die N12-deurpad verskaf, loop deur die middel van die voorgestelde New Largo-steenkoolmyn. Ongeveer 17 km van die R545 sal gesloop moet word.

Die New Largo-steenkoolmyn is 'n voorgestelde oopgroefmyn wat steenkool moet verskaf aan die nuwe Kusile-kragstasie, wat tans in aanbou is net suid van die N4-deurpad. Die New Largo-steenkoolreserwe is geleë reg oos van die Kusile-kragstasie, 30 km wes van Emalahleni, 100 km oos van Johannesburg en 20 km noordwes van Ogies.

## BESKRYWING VAN DIE PROJEK

Die gedeelte van die R545 wat gesloop moet word, is vanaf ongeveer 2 kilometer suid van die Kendal-Balmoral-padaansluiting op die N4 tot by die kruising van die Kendal-Balmoral-pad en die N12.

'n Klein gedeelte van die R545 vertak en loop ooswaarts tot by die dorp Wilge en sal ook gesloop moet word waar dit deur die mynbougebied geraak word. Die lewensduur van die myn sal na verwagting meer as 50 jaar wees en die sloping word dus as permanent beskou. Die vervangingspad sal 'n teerpad van 7.4 meter breed wees en die padserwituut sal 40 meter breed wees.

Die R545 val onder die jurisdiksie van Mpumalanga se Departement van Openbare Werke, Paaie en Vervoer. Die vervangingspad sal 'n provinsiale teerpad wees en sal ook onder genoemde Departement se jurisdiksie val.

Die volgende moontlike alternatiewe om die impak van die sloping van die gedeelte van die R545 provinsiale pad tussen die N4 en die N12 te versag, word oorweeg: (soos op die kaart getoon)

**Opsie 1**

Die bou van die nuwe pad vanaf die R545 ongeveer 2 kilometer suid van die Kendal-Balmoral-kruising suidooswaarts en dan suidwaarts met die oostelike grens van die voorgestelde New Largo-steenkoolmyn langs om naby die dorp Wilge by die R545 aan te sluit (oostelike vertakking).

**Opsie 2**

Die opgradering van die pad wat suidwaarts loop van die Rondebult-kruising op die N4 na die R104 en die R104 weswaarts tot waar dit by pad D432 aansluit, suidwaarts tot waar dit die N12 met 'n oorbrug kruis. Op hierdie punt is daar nie 'n wisselaar nie en 'n nuwe wisselaar sal gebou moet word.

**Geenontwikkelingsopsie**

Die geenontwikkelingsopsie veronderstel dat geen padverskuiwing goedgekeur word nie, maar dat die sloping van die gedeelte van die R545 provinsiale pad tussen die N4 en die N12 voortgaan as gevolg van die ontwikkeling van die New Largo-steenkoolmyn.

**Kriteria**

Die alternatiewe roetes sal geassesseer word aan die hand van kriteria soos:

- Gemak van beweging tussen die N12 en die N4;
- Gemak van beweging van die dorpe Phola en Wilge na die N4;
- Beperking van verkeersontwrigting;
- Veiligheid van die publiek en sekuriteitsrisiko's;
- Beperking van omgewingsimpakte (fisies, biodiversiteit, maatskaplik en ekonomies);
- Topografie en steil hellings;
- Tegniese ontwerpoorwegings; en
- Ekonomiese toestande.

## GEAFFEKTEERDE OMGEWING

Die grond rondom die voorgestelde roete-alternatiewe word hoofsaaklik vir weiding en mielieverbouing gebruik. Ander grondgebruike sluit in die dorpe Phola en Wilge, sandmynbedrywighede en steenkoolmynbou (Vlakfontein-, Zibulo- en Klipspruit-steenkoolmyne). 'n Deel van die weiding is natuurlike grasveld, en sommige gebiede is verander met ingevoerde weidingspesies. Die gebied is geleë in die grasveldbioom van Suid-Afrika en in twee regionale plantegroeigemeenskappe, naamlik Randse Hoëveldgrasveld en Oostelike Hoëveldgrasveld, wat albei as bedreigde plantegroeigemeenskappe met 'n swak bewaringstatus beskou word.

Die voorgestelde roetes val binne kwaternêre subopvanggebied B20G, en strome in die gebied vloei in die Saalklapspruit in. Die roete-alternatiewe kruis 'n aantal dreineerlyne en riviere op verskeie plekke.